

# SONDAGSKOOL LES: Die profeet Daniël - 'n Reputasie van nederigheid

## Doel van les:

- Derde les in ons reeks oor Daniël en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

**Ysbreker: Hoogmoedig of nederig:** Gee vir elke groep die hoogmoedig of nederig uitdeelstuk. Hulle moet deur die situasies lees en besluit of die jongmens hoogmoedig of nederig opgetree het.

Gaan deur antwoorde met groot groep.

- Situasië 1: Nederig, Johan het dankie gesê vir sy ma.
- Situasië 2: Hoogmoedig, Tanya kyk na uiterlike en het gedink sy lyk beter as die ander.
- Situasië 3: Nederig, Carl het nie meer van homself gedink oor hy meer geld het as die ander nie.
- Situasië 4: Hoogmoedig, Megan het gedink haar aardse prestasies is meer werd as om Jesus in haar lewe te hê.
- Situasië 5: Hoogmoedig, Werner het gelag vir mense wat minder aardse besittings het as hy.
- Situasië 6: Nederig, Justin het sy suster se gemors skoon gemaak sonder om gevra te word.

'n Rukkie nadat Sadrag, Mesag en Abednégo die vuuroond oorleef het, het Koning Nebukadnésar 'n ontstellende droom gehad. Daniël het die droom vir die koning uitgelê en hom vertel dat hy soos 'n wilde dier sou leef totdat hy sy sondige lewe verander en God erken as die enigste ware God. Net soos Daniël gesê het, het die droom waar geword en Koning Nebukadnésar het geleef soos 'n wilde dier totdat hy sy lewe verander het. Daniël 4:37 sê: "Nou prys ek, Nebukadnésar, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al Sy werke is waarheid en Sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel."

'n Ruk later het sy seun, Bélsasar, koning geword. Koning Belsasar het God nie geëer nie. In plaas daarvan het hy teen God geveg. Toe is 'n boodskap na hom gestuur op 'n baie snaakse manier. Kom ons lees hoe.

## Groepwerk: Lees Daniël 5:1-30

1. Watter afgode het Koning Belsassar en sy maghebbers geprys? (Die gode van goud en silver.)
2. Terwyl hulle besig was om te drink, wat het hulle skielik gesien? (Vingers van 'n mens se hand wat skryf teen die muur.)

3. Hoekom het die Koning Daniël laat roep? (Hy het gehoop Daniël sou hom kon vertel wat die skrif beteken.)
4. Hoekom was Bésasar se sonde selfs nog erger as sy vader sin? Lees vers 22-23 weer. (Hoewel hy die waarheid geken het, het hy gekies om homself nie voor God te verneder nie en het opgestaan teen die Here.)
5. Wat het die Skrif aan die muur gesê? (God maak 'n einde aan Bésasar se koningskap en gee dit aan ander.)
6. Wat is die verskil tussen nederigheid en hoogmoed?

Kry terugvoering.

**Aktiwiteit:** Lees Lukas 18:9-14 in groep.

- Watter persoon was hoogmoedig en watter een was nederig? (Fariseër - hoogmoedig, Tollenaar - verneder homself voor God)
- Skryf nou as groep 'n gebed wat lyk soos die tollenaar se gebed.

Laat elke groep hul gebed kom lees.

Wanneer ons spog oor wat ons het of neerkyk op iemand wat minder bevoorreg is as ons, vertel ons vir God dat Hy nie belangrik is nie en dat ons dinge op ons eie kan doen. Dit is baie ver van die waarheid af. Alle goeie dinge kom van God en deur onself is ons niks nie. Daarom moet ons 'n nederige lewe voor God leef en erken dat ons sonder Hom verlore is. Om te voorkom dat ons hoogmoedig word, moet ons erken wat Hy als vir ons doen en dankie sê vir dit. Wanneer ons dit doen, gee ons aan God al die eer en sal God ons verhoog. Onthou dat God weet wat in ons harte is.

Sluit af met gebed in groepe.

## **Hoogmoedig of nederig: In die situasies wie is hoogmoedig en wie is nederig?**

**Situasie 1:** Johan kom huistoe van die skool af. Hy het 'n A+ gekry op die vandag se toets. Hy sê dankie vir sy ma wat hom aangemoedig het om hard te leer vir die toets.

**Was Johan hoogmoedig of nederig?** \_\_\_\_\_

**Situasie 2:** Tanya kyk na die ander meisies in sy klas. Nie een van hulle het so mooi rok aan soos sy nie. Sy kon nie wag vir iemand om vir haar te komplimenteer nie, so sy het sommer vir almal daarop gewys hoe mooi haar rok is.

**Was Tanya hoogmoedig of nederig?** \_\_\_\_\_

**Situasie 3:** Carl weet sy ouers is ryk. Hy kry elke week 'n groot bedrag vir sakgeld. Tog sê al Carl se vriende hy tree nooit op asof hy ryk is nie, maar is eintlik baie plat op die aarde.

**Is Carl hoogmoedig of nederig?** \_\_\_\_\_

**Situasie 4:** Megan kry goeie punte, is kaptein van die eerste netbalspan en het baie vriende. Sy het nie nodig om op hierdie oomblik bekommerd te wees oor haar hart vir Jesus gee nie.

**Is Megan hoogmoedig of nederig?** \_\_\_\_\_

**Situasie 5:** Toe Werner in sy vriend se huis instap, het hy opgelet hoe oud en stowwerig als lyk. Hy het gelag en vir sy vriend gesê: "Ons meubels lyk baie mooier as julle sin."

**Is Werner hoogmoedig of nederig?** \_\_\_\_\_

**Situasie 6:** Justin het gesien hoe sy jonger sussie gemors het. Daar was modder oral op die vloer. Hy het geweet sy ma gaan dit maar moet skoonmaak, maar hy het besluit om dit self te doen voordat sy dit sien.

**Was Justin hoogmoedig of nederig?** \_\_\_\_\_